SON (Kaap)
11 Nov 2014, p.13

Siekte eis al meer mense as MIV/vigs

MEER mense sterf weens diabetes as MIV/vigs.

So se dr. Lebo Masunyane, 'n endokrinoloog van die farmaseutiese maatskappy Eli Lilly Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara.

Volgens hom is die bewusmaking oor die siekte nie naastenby soos dit oor MIV/vigs is nie.

"Elke ses sekondes sterf iemand aan diabetes. Tans is daar 382 miljoen mense wereldwyd wat daaraan ly. Dis 8.3% van die wêreldbevolking," sê hy.

DR. LEBU MASUNYANE

"Die eintlike ding waaraan 'n mens moet dink, is dat MIV/vigs-verwante voorvalle sedert 2000 afgeneem het weens intense opvoedings- en behandelingsveldtogte deur aksiegroepe en die regering.

"Sterftes weens diabetes het in 2012 met 50% gestyg in vergelyking met 2000."

Daar is drie soorte diabetes:

Mense met tipe 1-diabetes produseer bitter min of geen insulien nie omdat insulienvervaardigde selle in die pankreas vernietig word.

Dit ontwikkel skielik. Die simptome sluit in dat jy dikwels dors is, jou mond is droog, jy urineer baie, het min energie, is dikwels moeg, heeltyd honger en ervaar skielike gewigsverlies, sere gences stadig, jy kry gereeld infeksie en het onduidelike visie.

Omtrent 90% van alle tipes diabetes is tipe 2. Mense bou 'n weerstand op teen insulien. Dit gaan baie keer gepaard met vetsug en word soms jare lank nie gediagnoseer nie en gaan ongemerk verby.

Die belangrike gevaarfaktore by tipe 2-diabtes sluit vetsug in, 'n swak dieet, nie oefeninge doen nie, ouderdom, 'n familiegeskiedenis van diabetes en hoe bloedglukose tydens swangerskap.

Tot onlangs is dié tipe diabetes net by volwassenes gesien, maar kinders kry dit ook nou.

Dit kom voor tydens swangerskap. Dit kan ernstige skade vir die ma en baba inhou.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.